

ST. BATHILDE

30 JANUARIE

(sterf 680)

Gebore in Engeland is sy as jongmeisie deur seerowers ontvoer en uiteindelik verkoop aan die huishouding van die hofmeester van Clovis I, koning van die Wes-Franke. Die losbandige en wispelturige koning raak verlief op haar en trou met haar. Hy sterf in 657 en nou was hierdie diepgelowige vrou die koningin-moeder en regentes vir haar minderjarige seun. Sy gebruik haar posisie en mag om 'n Christelike samelewing te skep. Sy verbied slawerny en moedig die kloosterlewe aan. Daar word egter baie komplotte teen haar gesmee en in 665 slaag haar vyande daarin om haar van die koninklike hof te verban. Sy bring die res van haar lewe deur in die nonneklooster wat sy by Chelles gestig het.

